

17 Julie

Skrifgedeelte: Romeine 9:1-18
Fokusgedeelte: DL, VD 3/4:9

As God my nie bekeer nie, kán ek my nie bekeer nie!

Die dwaalleraars het gesê: "God help die menslike wil nie kragtig tot bekering voordat die menslike wil self in beweging kom en daarop besluit nie." As dit waar was sou die mens se bekering van homself afgehang het. Dit sou beteken het dat God net mense kan bekeer wat self besluit dat hulle bekeer wil wees. Geen mens kan egter sonder God se werking in hom tot so 'n besluit kom nie, want die mens is dood in sy sonde. Die Sinode het die dwaling verwerp dat God nie mense kan bekeer wat hulle nie self wil bekeer nie.

God se Woord sê tog (vers 13 en 16): "Die besluit van God is gegrond op uitverkiesing; dit hang dus nie af van wat 'n mens doen nie, maar van Hom wat jou roep ... Dit hang dus nie af van 'n mens se wil of strewe nie, maar van God wat barmhartig is."

As dit van 'n dooie mens afgehang het om die eerste tree te gee in sy opwekking uit die dood, dan sal hy nooit opgewek word nie. Hy is dood en kan glad nie 'n eerste tree gee nie. As dit van die sondige mens afgehang het om eers uit sy eie te besluit om hom te bekeer, dan sou geen mens hom ooit bekeer het nie. Die sondige mens kan of wil nie so 'n besluit neem nie. Daarom klink die evangelie soos musiek in ons ore as ons hoor: "... dit hang dus nie af van wat 'n mens doen nie, maar van Hom wat jou roep ... Dit hang dus nie af van 'n mens se wil of strewe nie, maar van God wat barmhartig is." Dank God vandag daarvoor deur soos 'n nuwe mens te lewe!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~